KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

AUGUSTUS 2011 EDITION

DIE TIEROGIE

23-24 JULIE 2011, 6-9 AUGUSTUS 2011

TYGERBERGSTREEK KAMP OP VOORTREKKERPARK & HOLLANDSCHE MOLEN

INSIDE THIS ISSUE:

UIT DIE STOEL 3

NUWE KOMITEE 5

DROOGMAKER GASTE 7,8

VERJAARSDAE 9

GEDAGTE VAN DIE MAAND 14

Volgende Kampe :

10-11 September :

Ou Skip– Snoektown

15-16 Oktober :

Oostewal

12–13 November :

Goudini

26-27 November :

De Hollandsche Molen

Dag sê Mede kampeerders

Lank lank gelede het die Tygerbergstreek in Voortrekker Park in die Strand gekamp en na al die jare het ons besluit om weer daar besoek te gaan aflê.

Die munisipaliteit beoog om te begin met opgraderings aan die oord in September 2011. Daar gaan baie veranderinge plaasvind en hul beloof aangename verrassings met die volgende besoek.

Die sekuriteit van die oord is skitterend en daar het geen slegte insidente plaasgevind nie. Die park is lekker stil en rustig.

Vrydag is die kampeerders begroet met ‘n wind wat eie is aan die Strand. Dit het egter nie die gesoute kampeerders se geesdrif geblus nie. Die vure het gebrand en met wind en al het almal lekker gekuier.

Saterdag het die meeste mense die dorp en stalletjies besoek ,so waai-waai met die wind. Die oord self is baie beskut teen die wind, want binne die park het die wind nie naastenby so gewaai soos in die dorp nie.

Dankie vir Cassie se bring van die Woord.

Baie dankie aan die Saamtrekbeamptes Jaco Etzebeth en Morne Otto . Jaco het alreeds 3 keer die jaar vir as Saamtrekbeampte opgetree en Morne al 2 keer. Baie baie dankie julle.

Kan ons sommer nou ook van die geleentheid gebruik maak om te vra dat die lede gewillig sal wees om as Saamtrekbeamptes op te tree. Dis glad nie harde werk nie.

Ons wil graag vir Henry Joseph bedank vir die naweek by die oord en ook ons dank aan die sekuriteit van die park.

Ons volgende kamp is 6-9 Augustus by De Hollandsche Molen. Dis ook die Algemene Jaarvergadering. Indien jy die Maandag verlof neem kan dit ’n heerlike langnaweek word. Vrydag en Saterdag aand se kostes beloop R125 per nag, en Sondag en Maandag aand R75 per nag.

Sien jul daar

Groete

Chief

DE HOLLANDSCHE MOLEN

De Hollandsche Molen

Dag sê almal—dit was ‘n heerlike, rustige langnaweek!

Ons is begroet met koue weer, maar niks wat ‘n lekker warm vuur nie kon regmaak nie. Die res van die naweek was ongelooflike ,mooi sonskyndae. Daar is geen beter plek om te wees as om te kamp nie!

Saterdag om 10h00 was die Algemene jaar Vergadering. Wat ’n teleurstelling ten opsigte van bywoning deur die lede! ’n Mens sou dink dat die lede graag deel sou wou wees van ‘n gesonde verkiesing en dat hul stemme moes bydra tot ‘n groter verteenwoordiging van die ledekorps.

Baie welkom aan die nuwe komitee lede. Dankie ook aan die genomneerdes vir die bereidwilligheid om te dien op die komitee. Die nuwe kampe vir 2012 is bekend gemaak en die verrigtinge is afgesluit met heerlike verversings.

Dankie ook aan al die ou komitee lede vir hul bydraes die naweek. Elkeenwat op welke manier ookal gehelp het met die voorbereiding en reelings vir ‘n suksesvolle vergadering, word waardeer .

Dankie Cassie vir die deel van “Brood van die Lewe” Daar was geen Sondagskool nie agv die lang aweek. Ons wil net ook weer die ouers herinner dat die kinders baie welkom is by die Sondagskool. Ondersteun ons asb!!

Lekker nuus was dat die wat nie wou oppak nie die naweek nog kon verleng tot Dinsdag. Die van ons wat nie so gelukkig was nie, het rustig opgepak. Ek glo en vertrou die wat tot Dinsdag gekamp het, het net lekker tye gehad.

Dankie aan Nico en Ansie van Hollandsche Molen, vir jul gasvryheid en altyd voortreflike diens en vriendelikheid.

Ons volgende kamp is Snoektown. Komaan TYGERBERG STREEK, waar is julle,? Ek wil graag ‘n beroep doen almal kom kamp! Dit lyk darem nie goed as die grootste streek in die Wes-Kaap, en boonop die een wat Snoektown aanbied, die minste lede het gaan bywoon nie. Ons vra almal se ondersteuning asseblief.

Stuur jul INTENSIES en BETALINGS en kom geniet Snoektown saam met ons!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!

Dan wil ek jul ook bedank vir die afgelope jaar waar ek die Hoof Saamtrekbeampte was. Dis nou weer tyd dat ek die leisels oorhandig aan iemand anders. Jaco Etzebeth is ons nuwe Hoofsaamtrekbeampte. Baie geluk Jaco !! Ondersteun asseblief vir Jaco. , Dis altyd lekker om saamtrek beamptes te kry wat bereid is om saam te werk.

Groete tot Snoektown

Chief Chris

UIT DIE STOEL / FROM THE CHAIR

Al die Tygerberglede en medekampers

Kan julle glo nog n jaar het verloop en my eerste AJV is agter die rug. Vir die wat by ons AJV was wil ek bedank vir die volgehoue ondersteuning. Ons het weer n verkiesing gehad na n droogte van 5 jaar en dit was wonderlik om te sien veral hoe ons jong lede hul beskikbaar stel om deel te word van die bestuurspan.

Om Tygerbergstreek te sien groei soos wat dit in die laaste paar jaar gegroei het, en om weer n nasionale toekenning te verower, en dit as die grootste streek in die land, wil sekerlik gedoen wees!!

Vir die uitgaande komitee, baie dankie vir julle initiatief en bereidwilligheid om tyd op te offer om ons streek so suksesvol te bou tot wat dit vandag is. Dit was 'n besondere voorreg om saam met julle te dien

Vir die nuwe komitee wil ek bedank vir jul vertroue in my gestel om as Voorsitter die leisels te neem en ek glo ons sal die Streek tot nuwe hoogtes neem. Ek sê weer wat ek op verskeie kere voorheen gesê het: Geen organisasie, van watter aard ookal, gaan sonder sy stampe en stote nie. Ondersteun julle Komitee en mede lede want die een kan nie sonder die ander nie — Dit bly nou maar net die wen resep!!!

No "I" in team.

Hierdie jaar le daar twee groot byeenkomste voor naamlik "Snoektown" en glo dit of nie volgende jaar Maart vier ons streek sy 30ste verjaarsdag en ons verseker julle vir nog n spesiale naweek wat beplan word by Bergrivier. Hou maar die spasie dop.

Lidmaatskapgelde vir 2011/2012 was weer betaalbaar teen 01 Julie 2011. Daar is wel 'n grasie periode tot einde September 2011 deur Hoofkantoor toegestaan, maar ek wil egter 'n beroep doen op lede om hulle lidmaatskapgelde so spoedig moontlik te betaal. Die lidmaatskap gelde bly onveranderd teen R210.00 per jaar.

Aan ons Hemelse Vader die dank vir alles wat Hy vir ons moontlik maak.

Karavaan Groete

Hannes

Hannes Mundey
Voorsitter:
KSA Tygerbergstreek

"Lidmaatskap is weer hernubaar teen 30 September 2011."

SNOEKTOWN
10 –11 Sept 2011
Ou Skip

TOEKENNINGS OP DIE 29STE AJV VAN KSA TB STREEK 06-AUG-11

Volhuis:

1. Cassie & Delene Carstens
2. Jaco & Marlene Etzebeth
3. Chris & Louisa Groenewald
4. Gideon & Carin Kok
5. Hannes & Joan Mundey
6. Bennie & Marika Van Eck
7. Kenny & Wilna White
8. Hardi & Roline Visser , asook 130ste Streekskamp ... baie geluk!

2.

3.

6.

4.

1.

5.



8.

Verdienstelikheid:

Marius Opperman

Padhoflikheid:

Hierdie toekenning gaan aan Gordon Murison .

'n Tjek van R15 000 word oorhandig aan Dalene Swart (Skakelbeampte / Fondsinsamelaar) van Friends Day Centre. Die streek se bydrae beloop R11 500 en 'n persoonlike bydrae van R3 500 is gedoen deur Chris Groenewald

'n Bedrag van R3 045.50 is oorbetaal aan die Bybelverspreiding. 'n Brief van erkenning van fondse is ontvang vanaf die Organiserende Sekretaris van die Bybelgenootskap van SA

Tesouriers:

Hierdie toekenning gaan aan Eugene Ehlers.

'Stirrer of the Year':

Deon Matthee

Wolseley Jacobson:

Hierdie toekenning was alreeds verlede jaar gedoen maar die insignia word nou eers oorhandig aan Eugene Ehlers & Jan Pelser gesinne.

Aankondiging van komitee lede vir 2011/2012:

Voorsitter:	Hannes Mundey
Ondervoorsitter:	Chris Groenewald
Sekretaresse:	Marissa Burger
Tesourier:	Sonja Ritter
Hoofsaamtrekbeampte:	Jaco Etzebeth
Smous:	Marika Van Eck
Lediens/Sport:	Morne Van Schalkwyk
Sosiaal/Kerk:	Mario Snyman

Titel	Komittee Lid	Telefoon Nommer	Faks Nommer	E-Pos Adres
Voorsitter	Hannes Mundey	082 492 7126	086 532 8824	hannes@bravoevents.co.za
Onder-Voorsitter	Chris Groenewald	083 302 0471	086 616 0768	chrisgr@mweb.co.za
Sekretaresse	Marisa Burger	078 788 5262		marisa.burger@vodamail.co.za
Tesourier	Sonja Ritter	083 644 6263	086 656 3345	sonjarit@mweb.co.za
Hoof Saamtrekbeampte	Jaco Etzebeth	083 789 7600	086 607 6076	jaco@advalorum.co.za
Lede Diens	Morne Van Schalkwyk	082 324 7558		morne.vanschalkwyk@dcs.gov.za
Sosiaal	Mario Snyman	082 5759 432		mario@mscargoservices.co.za
Smous	Marika van Eck	084 839 2042	086 604 9576	smous.trader@gmail.com
Redakteur	Marlene Etzebeth	082 484 4284	086 607 6076	jmc@etzebeth.co.za
Media/Skakelbeampte	Marius Opperman	082 570 5758	021 557 0730	marius@bravoevents.co.za
Webmaster	Riaan van Zyl	082 659 8850	021 558 5607	riaan@citation.co.za
Boetemeester	Kenny White	083 788 0345	021467 8633	kenwil@absamail.co.za

SPORT

Ons wil weer die sportaktiwiteite een van die hoogtepunte maak van elke saamtrek en daar word gevra dat idees/ versoeke aangestuur word vir my aandag. Die aktiwiteite sal meestal slegs die Saterdag kan plaasvind.

Die eerste saamtreknaweek na Snoektown is Oostewal. Ek het reeds 'n program saamgestel wat wissel van Saterdagoggend sandkasteel bou (oud en jonk), die middag 'n kompetisie waar gekyk word wie die meeste rooi boels met ses veerpyltjies kan gooi. Persone wat wen kan dan in aanmerking kom vir die "sportman van die naweek". Wat dink julle van die idee? Laat my weet.

Snoektown naweek is hier (9 -11 September) en daar gaan meegeding word teen die ander KSA Streke.

Daar kan ingeskryf word vir die volgende Sportsoorte: Drie Kamp, Volley Ball en Pentanque. Die Boere Sport is oop vir almal en daar is 'n klas vir ieder en elk. Ondersteun jou streek.

Morné

HAMPER WENNER

Hamper: Sponsor deur Maxifit: Maruis van Niekerk-R330.00 is ingesamel

Wenner was Rita van Rensburg.

Gewig van Hamper 7.51kg: Prys: R50.00

Wenner: Marisa Burger

PETROL LOOITJIE WENNER

Baie geluk aan oom Cassie Carstens wat die petrol looitjie gewen het.

LIEF EN LEED VOORTREKKERPARK

Jurie wat Saterdagoggend by Voortrekkerpark inderhaas weer hospitaal toe is ,maar het weer die res van die naweek saam met ons gekamp

DROOGMAKER VAN DIE NAWEEK VOORTREKKERPARK

Hierdie lepel kom al 'n hele rukkie aan, wat verstaan 'n mens nie, die handbriek op beteken die karavaan gaan nie beweeg nie, en handbriek af beteken die karavaan sal nou beweeg. Tot al ons kampkinders weet dit, (en die vroue). Die vrou gaan mos moeg wees elke keer as hy skree "jy kan maar stoot" dan beweeg die ding nie 1cm nie maar die sweet loop jou af. Siesa, en dan het hy op 'n vorige geleentheid die komitee geroep vir hulp want hy glo hy sit vas in 'n gat, so stoot almal tot Hannes hom mooi vertel sy handbriek was die hele tyd op. Hy staan nie in 'n gat nie.

Vrydagaand is die karavaan mooi gelyk getrek en reg vir die naweek in die mooi Strand (nie juis 'n probleem vir 'n mini karavaan nie), nou vir die opslaan van die rally tent: het julle al die pote eerste opgeslaan en dan will julle die raam bo op sit??? Nie so gedink nie.

En dan order hy die hele naweek sy vrou rond, kry dit, doen dat, en as jy hom vra of sy hande rond is dan sê hy, hy is besig, besig om langs Bennie by die vuur te sit.

Almal weet Bennie is die bobaas braaier van hoendervlerkies, maar Morné dring aan om vlerkies self te braai vir sy vrou en kind, eerste hap wat sy vrou gee: ROU. Toe sit hulle maar weer die vlerkies op die vuur en Bennie braai dit klaar. Dankie Bennie.

Nou as ons Sondae in die kerk sit is elkeen mos self verantwoordelik om sy kerkgeldjies en fine geldjies saam te vat en self te betaal, Nie Morné van Schalkwyk nie, nee, sy vrou vat mos haar beursie en elke keer as hy 'n fine moet betaal, dan gebruik hy vrou se beursie, want hy het syne in die karavaan vergeet, hy vergeet dit in die karavaan al vandat hy 'n gas is.

Dus Morné, jy verdien die lepel al het jy seker dit weer betaal vanuit jou vrou se beursie.

WELKOM AAN ONS GASTE EN BESOEKERS VOORTREKKERPARK

Gaste (2de Keer)	Gaste van lid
Robin & Ellen Kotze	Jaco & Marlene Etzebeth
Koos & Petro Buitendag	Nico & Rita Janse Van Rensburg



LIEF EN LEED- HOLLANDSCHE MOLEN

Baie geluk aan AJ Wedgwood. Hy het die O/ 12 WP Craven Week Span en O/ 13 A Gim Interskole gehaal.

DROOGMAKER VAN DIE NAWEEK- HOLLANDSCHE MOLEN

Nou ja so begin ons die naweek al weer die Donderdag voor die tyd. Marika en Bennie bring ook die karavaan deur, maar hy is so haastig om karre te gaan regmaak dat hy die karavaan skoon skeef "park" (Hulle het die heel naweek so skeef geslaap). Die tent word nie opgeslaan nie, maar hy se dat Marika en die kids dit maar Vrydag moet opslaan. Dit gebeur ook nie, en Saterdagoggend moet Bennie maar help met "groot protes" om die groot tent op te slaan, want dit is darem laaaang naweek en die kids moet iewers slaap.

Nou ja so vorder die naweek en Vrydagaand braai Bennie soos altyd ons almal se vleisies "PS: hy is die beste braaier in ons midde", maar sy tweeling broer kuier ook toe later saam en o wee, hy braai nog so toe lê die braai en die vleis op die grond. Ek het hom nog nooit so vinnig sien spring om almal se goed op te tel en af te stof nie. Julle weet mos vir die wat hom ken, hy praat nie veel nie, maak net so nou en dan 'n gebaar met sy gesig en oë.

Nietemin, niemand van ons kom toe by die kos uit nie, maar die volgende dag wou Maryke, dis nou hulle dogter weet maar hoekom daar blare en klippe in hulle vleis was! haha hy het nie mooi afgestof nie. Maar toe hy nou so lekker kuier, is Gideon besig om ewe onskuldig nog hout op die vuur te gooi, hy buk en toe hy opkom sit Bennie (of sy tweeling broer) 'n warm kool op Gideon se kop neer, hoef nie eens te se nie, al Gideon se hare is afgeskroei. Gideon moes die res van die naweek ook maar 'n hoedjie dra om sy wonde weg te steek (Sien foto aangeheg)!

Saterdag is dit toe moes Marika se verjaarsdag, maar Bennie gee net bevele, sy moet dit en dat en die ander doen! NEE Bennie, jou vrou het verjaar, jy moet alles vir haar gedoen het.

Verder verander hy toe Saterdagaand weer in 'n ander mens, 'n "terroris" sien foto aangeheg, haha. Ek weet nie of hy met die maan gepla was of sommer net die lepel wou hê nie, maar Bennie, hang hom maar mooi op by jou tentjie, jy verdien dit.

WELKOM AAN ONS GASTE EN BESOEKERS- HOLLANDSCHE MOLEN

GASTE EN BESOEKERS--Hollandsche Molen:

Gaste (1st keer)

Hannes & Sharon Kotze

Gaste van Lid

Christopher & Anneline Kotze

Gaste (2de Keer)

Francios & Shmantha Kotze

Phillip & Amelia Meyer

Gaste van lid

Christopher & Anneline Kotze

Adriaan & Mariska Coetzee



VERJAARSDAE—JULIE EN AUGUSTUS

Baie geluk aan die volgende lede wat in Julie en Augustus verjaar. Mag dit 'n mooi jaar vir elkeen wees.

JULIE 2011 :

Theresa Ritter—1 Julie
Jessica Groenewald—2 Julie
Rozaan Cockrell—2 Julie
Willem Bezuidenhout—3 Julie
Marius van Niekerk—3 Julie
Lindy Marais— 3 Julie
Jandre Roux—4 Julie
Lillaney Fourie—4 Julie
Susan Janse van Vuuren—6 Julie
Armand Roux—7 Julie
Hanroux Matthee—7 Julie
Mona Coetzee—7 Julie
Jacques van den Berg—7 Julie
Hendrik Acker—10 Julie
Gert Rosseau—11 Julie
Hilda Greeff—12 Julie
Berlinda Barkhuizen—13 Julie
Megan Weideman—15 Julie
Bennie van Eck—16 Julie
Johann Bredenkamp—18 Julie
Corrie Thom—21 Julie
Stiaan Lerm—21 Julie
Carla Ritter—21 Julie
Martha Rust—22 Julie
Rhyan Webb—22 Julie
Anneke Groenewald—23 Julie
Natasha Opperman—23 Julie
Sune van den Berg—24 Julie
Liezl van der Westhuizen—25 Julie
Hendrik Olivier—28 Julie
Marlize Potgieter—28 Julie
Ben Pienaar—29 Julie
Jolize van der Westhuizen—30 Julie

Graag versoek ons dat u u kinders se geboortes aan ons Sekretaresse sal deurgee.

AUGUSTUS 2011 :

Mikayla Murison—2 Augustus
Yolande Laubsher—3 Augustus
Elzette Smith—3 Augustus
Wilna White—4 Augustus
Marika van Eck—6 Augustus
AJ Wedgwood—7 Augustus
Seyffert Fourie—8 Augustus
Vilande Fourie—8 Augustus
Bernard Rosser—8 Augustus
Attie Laubscher—10 Augustus
Adriaan Steenkamp—10 Augustus
May Smit—12 Augustus
Janke Snyman—12 Augustus
Jan-Hendrik Snyman—12 Augustus
JP Steenkamp—13 Augustus
Rochelle Kuun—13 Augustus
Jacques Bredenkamp—14 Augustus
Marlene Etzebeth—14 Augustus
Joost Joosten—15 Augustus
Amelia Streicher—16 Augustus
Karin de Waal—16 Augustus
Heinrich Laubscher—17 Augustus
Maryke van Eck—17 Augustus
Leandri Visser—18 Augustus
Jade Maloney—18 Augustus
Jandre van Aarde—18 Augustus
Sanette Naude—19 Augustus
Estelle Acker—20 Augustus
Casper van Wyngaard—20 Augustus
Lienke Vermeulen—21 Augustus
Jaco van der Westhuizen—23 Augustus
Emma Du Pisani—24 Augustus
Malinda van der Merwe—25 Augustus
Judy van Bergen—25 Augustus
Christina du Pisani—26 Augustus
Gerhard Strauss—26 Augustus
Ria van Wyk—26 Augustus
Jovan Fourie—28 Augustus
Stiaan van Zyl—29 Augustus
Dean van Niekerk—29 Augustus
Coenie Basson—31 Augustus
Dawie Le Roux—31 Augustus
Anneke Theron—31 Augustus
Jeandri Brits—31 Augustus

Golf for Beginners

MYLPALE / MILESTONES

First Raliers

Robin & Ellen Kotze : First Raliers

5 in 'n ry

Jacques & Annelize van Zyl : 5 in 'n ry

10de Nasionaal toekenning

Chris & Martha Rust : 10 de Nasionaal

10de Streek toekenning

Etienne & Judy van Bergen : 10de Streek

20ste Streek toekenning

Gideon & Carin Kok : 20ste Streek

HERNUWING VAN LIDMAATSKAP

KSA se finansiële jaar het ten einde geloop op 30 Junie 2011. Dit beteken dat almal van ons weer ons lidmaatskapfooie vir die volgende jaar moet betaal. Die gelde kan by enige van die komende kampe direk aan ons Sekretaresse, Marisa Burger, óf ons Tesourier, Sonja Ritter, betaal word. Hulle sal kwitansies uitreik en Sonja sal dan verseker dat die lidmaatskapkaartjies by diegene uitkom wat betaal het. Onthou dat u nie u lidmaatskapgelde by die Saamtrekbeamptes van die naweek kan betaal waar u die normale kampgelde betaal nie. Lidmaatskapgelde kan slegs by Sonja óf Marisa betaal word. Ledegelde beloop R210.00 per jaar.

BELANGRIK
IMPORTANT !!

Andersins kan u óf 'n elektroniese oordrag direk in KSA Tygerbergstreek se bankrekening doen, óf die geld by enige ABSA tak gaan inbetaal. Indien u van enige van hierdie twee metodes gebruik maak, MOET u asseblief onthou om u **lidmaatskapnommer** as **verwysingsnommer** op die deposito strokie te gebruik. Die bankbesonderhede is as volg:

BAIE, baie dankie aan almal wat reeds hulle lidmaatskap hernieu het. Kom ons kyk of almal hul ledegeld kan hernieu voor die einde van Augustus 2011. Ons wil graag die gelde so vinnig moontlik aan KSA Hoofkantoor oorbetaal.

CCSA Tygerberg Region's Banking Details:	
Bank:	ABSA Bank
Acc. No.	3800 409 2381
Branch Code:	632 005
Acc. Name:	KSA Tygerbergstreek
Reference:	Membership No. / Your Name

Hoeveel slapies nog???

Glo – Sticks

Ons kindertjies moet onthou dat daar by elke kamp

Glo – sticks te koop is teen R2.50 een.

Wat is Snoektown : Elke tweede jaar word 'n Snoektown gehou ten bate van fondinsameling vir ons Weskaap Streek(Provinsie). Alle winste word oorgeplaas na Provinsie se rekening nadat die "Host Streek" die kostes verhaal het.

Die provinsie op sy beurt spandeer die kostes aan ons Website / Provinsiale vergadering en Konvensie uitgawes. Hulle het natuurlik ook van die kostes gedra wat aangegaan was rondom die Afgelope Buite Ekspo en indien betrokke by volgende jaar weer.

Stalletjies kan bespreek word by Hannes Mundey.

Die spesiale tarief van R185 per nag is nog geldig tot einde Augustus wanneer die besprekings sluit.

Dagbesoekers tariewe is R10 per persoon en kinders onder 13 is gratis.

Besoekers wat die aand verrigtinge wil bywoon kan n additionele R30.00 per persoon betaal om ons kunstenaar te sien.

Snoektown 2011

aangebied deur/organised by

Tygerbergstreek / Tygerberg Region

SPORT PROGRAM

Volley Ball
Mini Drie Kamp (Swem, hardloop, fietsry)

Boeresport :
Sak esies
Waterbalon gooi
Eier gooi
Drie-been hardloop
Maak plastiek bottel vol met klein houer of spons

Support your Region and bring your Regional flags and banners along to the swimming pool area. The idea is to get as many of our members, including the children, to participate in the various sport/fun events. Everybody is welcome to participate. Let us have fun ... fun ...fun!

Die tye van die sport aktiwiteite sal nader aan die tyd bekend gemaak word. Begin solank met die afstof van die tekkies en fietse ... 'ons gaan sports hê!'

Hiermee inligting tov Snoektown se stalletjies:

Stalletjies kan bespreek word by Hannes Mundey.
Stalletjies word alleenlik bedryf op Saterdag 10/09 tussen 08:00 en 16:00. Die stalletjies is oopgestel vir individue / streke en aan Jan Publiek.
Tygerbergstreek neem net verantwoordelikheid vir die verkope van koeldranke, sappe, energie drankies & water.
Daar is geen kos stalletjies meer beskikbaar nie ,maar ons benodig nog stalletjies wat items soos kamp toerusting verkoop.

Potjiekos kompetisie:

Elke Streek is verplig om deel te neem.
Die kriteria vir die beoordeling: aanbieding van potjies asook stalletjie.
Beoordeling van potjiekos kompetisie: Saterdag 10/09 om 17:00.
Minumum grote van potjie: nommer 3.
Elke potjie moet kos aan ten minste 10 persone voorsien.
Kaartjies vir die potjiekos verkope is R20 per bakkie – kaartjies sal vanaf 'n sentrale punt verkoop word.
Tygerbergstreek sal die kosbakkies, plastiek messe & vurke en servette voorsien.

ADVERTENSIES

Let wel : Advertensies moet in jpeg formaat gestuur word tesame met die bewys van betaling.

Eugene Ehlers
Direkteur / Direktuur

Tel: (021) 558 4582
Sel/Cell: 083 644 6993
Faks/ Fax: 086 517 5013
E-mail/ E-pos: eugene@titanrm.co.za

TRM
TITAN RISK MANAGEMENT
TITAN RISIKOBESTUUR

"Korttermynversekeringsmakelaar vir KSA Tygerberg /
Short term insurance broker for CCSA Tygerberg"

LABOURWISE
www.labourwise.co.za

DIE WERKGEWER SE KEUSE vir alle arbeidsaangeleenthede, standaard dokumentasie (waarskuwings, kontrakte, ens.) asook TELEFONIESE & E-POS ondersteuning vir daaglikse bestuur van werknemers.

Kontak Pieter Human by 086 010 2871 of
www.labourwise.co.za vir bystand

SUIDWES PAP

1½ koppie braaipap
3/4 koppie suiker
2 eetlepels botter
1 t bakpoeier
sout
1 blik pitmielies
2 blikke sweetcorn

Gooi water van pitmielies af.
Meng die bestandele in 'n mengbak
Bak vir 45minute by 200 Grade

Dit is heerlik saam met braaivleis

GEDAGTE VIR DIE MAAND

"The price of success is hard work, dedication to the job at hand, and the determination that whether we win or lose, we have applied the best of ourselves to the task at hand"

1 Korintiërs 10:31

Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.

• Kom ons gesels vandag oor ons verhouding met ons Pa!

• God wil hê dat jy moet leer om met Hom te kommunikeer en in Sy teenwoordigheid te wees, al doen jy aardse dinge.

• Hy wil hê dat jy dwarsdeur die dag met Hom moet praat, nie net in jou stilte tyd nie.

• Doen alles vandag tot eer van jou Pa en Koning.

• Onthou, jy kan heeldag met Hom gesels in gebed oor jou behoeftes.

Gebed: Dankie Vader dat U altyd teenwoordig is en dat ek enige tyd van die dag of nag tot U kan nader. Help my om elke dag tot eer van U naam te leef.
Amen

Mario

Sien julle by die volgende kamp – Ou Skip Melkbos

Ou Skip is one of the largest caravan parks in the Western Cape of South Africa with sites surrounded by trees and shrubs.

There are 206 level grassed sites as well as 12 fully equipped, self catering two bedroomed chalets.

The resort has 5 ablution blocks with hot and cold water, baths, showers, scullery, laundry, and ironing facilities.

The park also has its own gas (propane) refill and exchange station. Most of the sites have electricity. There is 24 hour gate security service.

Ou Skip is one of the Top 100 caravan Parks in South Africa. It is also recommended by the Caravan Club of South Africa.

The resort caters for all ages. During the season the park has entertainment for children of all ages.

There is a well equipped playground, a swimming pool including a paddling pool. The park is only 300 metres from a safe sandy beach.

* 1/2 size Olympic Pool

* Paddling pool

* Trampolines

* Kiddies playground

* Safe beach 300 m away

* Surfing at Big Bay.

* Diving in season

* Hiking trails.

* Convenience Store.

* On site gas refills



* TV and Recreational Hall.

* 5 Clean Ablution blocks.

* Laundry with tumble dryers.

* 24 hr security.

* 206 shady campsites

* 12 self catering chalets.

* Electric points on 206 stands.

* Major shopping centres 10 minutes drive.

* Atlantic Beach Golf course in Melkbos.

KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

Posbus 1797
Brackenfell
7560

Tel: 021 981 5821
Faks: 086 656 3345
E-Pos: tygerberg@caravanclub.org.za
Webtuiste: www.caravanclub.org.za

ONDERVIND DIE KARAVAAN LEWE SAAM MET TYGERBERGSTREEK

KSA TYGERBERGSTREEK KOMITEE

Titel	Komittee Lid	Telefoon Nommer	Faks Nommer	E-Pos Adres
Voorsitter	Hannes Mundey	082 492 7126	086 532 8824	hannes@bravoevents.co.za
Onder-Voorsitter	Chris Groenewald	083 302 0471	086 616 0768	chrisgr@mweb.co.za
Sekretaresse	Marisa Burger	078 788 5262		marisa.burger@vodamail.co.za
Tesourier	Sonja Ritter	083 644 6263	086 656 3345	sonjarit@mweb.co.za
Hoof Saamtrekbeampte	Jaco Etzebeth	083 789 7600	086 607 6076	jaco@advalorum.co.za
Lede Diens	Morne Van Schalkwyk	082 324 7558		morne.vanschalkwyk@dcs.gov.za
Sosiaal	Mario Snyman	082 5759 432		mario@mscargoservices.co.za
Smous	Marika van Eck	084 839 2042	086 604 9576	smous.trader@gmail.com
Redakteur	Marlene Etzebeth	082 484 4284	086 607 6076	jmc@etzebeth.co.za

Disclaimer

The views expressed in this publication are not necessarily those of the editor, the region/club or committee and they do not accept liability for them. While every care is taken with reproduction of photos and other submitted formats and articles, the persons above do not accept liability for loss or damage to the articles supplied.